

Universiteit Stellenbosch

Fakulteit Opvoedkunde

Baccalaureus van die Opvoedkunde
Honneursprogramme





Die Fakulteit Opvoedkunde implementeer tans nuwe honneursprogramme gebaseer op 'n Gemengde Leer-modus. Studente kan voltyds (program duur 1 jaar) of deelyds (program duur 2 jaar) vir hierdie program inskryf.

Die volgende nuwe programme sal in 2017 geïmplementeer word:

- ☞ **Hons BEd (Grondslagfase-onderwys)**
- ☞ **Hons BEd (Onderwysondersteuning)**
- ☞ **Hons BEd (Onderwysontwikkeling en Demokrasie)**
- ☞ **Hons BEd (Taalonderwys)**
- ☞ **Hons BEd (Opvoedkundige Sielkunde)** – *hierdie program gaan moontlik eers in 2018 geïmplementeer word, aangesien akkreditasie nog vanaf die Raad vir Sielkundiges verkry moet word.*

Wat is die Gemengde Leer-modus?

Hierdie programme bestaan uit 'n mengsel van:

- Aangesig-tot-aangesig kontaksessies op kampus
- Telematiese uitsendings na reeds bestaande satelliet-persele
- Elektroniese leer wat gebruik maak van SUNLearn (die leerbestuurstelsel van Universiteit Stellenbosch) wat moderne onderrigtegnieke, aanlyn besprekingsgroepe met mede-studente en dosente, elektroniese opdragte, ens. insluit.

Hoe verskil die nuwe aanbieding van die vorige programme wat aangebied is?

Voorheen moes studente wat ingeskryf het vir die Hons BEd-programme minstens twee keer per week in die namiddae en aande klasse op kampus bywoon. Nou hoef studente egter slegs drie weke se kontaksessies (versprei oor die jaar gedurende skoolvakansies) bywoon, wat die geleentheid laat vir studente van oral in Suid-Afrika om deel te neem aan hierdie program met gereelde kontak met hul dosente.

Wat is die minimum toelatingsvereistes?

Neem asb. kennis dat bykomende toelatingsvereistes van toepassing is by sommige van die programme. Hierdie bykomende toelatingsvereistes word by die beskrywing van die program self aangedui.

'n Student kan toegelaat word tot die Hons BEd-programme indien sy / hy:

1. 'n relevante universiteitsgraad en 'n sekondêre onderwys diploma of -sertifikaat verwerf het (bv. SOD, HOD, NOS, UOD, LSOD); of
2. 'n relevante universiteitsgraad en diploma in primêre onderrig (bv. POS, POD, HPOD) het; of
3. 'n toepaslike universiteitsgraad en 'n onderwyskwalifikasie het wat volgens die oordeel van die Senaat as voldoende geag word; of
4. 'n vierjarige geïntegreerde onderwysgraad het; of
5. akademies toepaslike beroepservaring het wat dit regverdig of, 'n ander toepaslike akademies-professionele studiekombinasie het wat vir die doel van aansluiting deur die Senaat as gelykwaardig aan 'n geïntegreerde vierjaar B-graad of 'n B-graad geag word (aanvullende opvoedkundestudie kan van dié kandidate vereis word voor toelating); of
6. erkende vierjaar lange naskoolse opleiding ondergaan het, wat 'n professionele onderwyskwalifikasie insluit.

Bykomend tot die toelatingsvereistes hierbo gestel:

7. Word 'n gemiddelde van ten minste **60% in die finale jaar** van die relevante voorgraadse studie vereis.
8. **Internettoegang en rekenaar-geletterdheid:** Daar word van studente verwag om ten minste toegang tot 'n rekenaar en die internet te hê om die onderstaande aktiwiteite te kan uitvoer en sodoende die program suksesvol te kan voltooi:
 - die besoek en gebruik van die modules se spesifieke webbladsye vir studie
 - die besoek en gebruik van die elektroniese bronne van die Universiteit Stellenbosch se biblioteek
 - die stuur en ontvang van e-posse; en
 - die tik en elektroniese indiening van werkopdragte.

Neem asb. kennis:

Voornemende studente moet skriftelik aansoek om toelating tot die Hons BEd-program doen en toelating sal bepaal word deur die Senaat of deur die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat optree. By aansoek om toelating moet besonderhede van kwalifikasies vergesel van (’n) amptelike studierekord(s) van die universiteit(e) waar sodanige kwalifikasie(s) verwerf is, indien dit nie aan die Universiteit Stellenbosch behaal is nie, verstrekk word.

Aangesig-tot-aangesig kontakssessies:

Die program sluit twee *verpligte aangesig-tot-aangesig kontakssessies* in. Studente wat nie al hierdie kontakssessies in een akademiese jaar bywoon nie, sal nie toegelaat word om hul studies vir die res van die studiejaar voort te sit nie.

Die datums van die kontakssessies sal jaarliks aangepas word, aangesien dit gebaseer is op die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se kalender (kontakssessies word gereël om onderwysers van die Suid-Afrikaanse Wes-Kaapprovinsie te akkommodeer).

Kontakssessie 1: April-skoolvakansie

Kontakssessie 2: Junie/Julie-skoolvakansie

Hoe om aansoek te doen:

'n Aansoekvorm kan aangevra word van:

- Mnr. Ryno Gurgan (rgurgan@sun.ac.za)
- Mev. Melissa van der Vyver (melissadv@sun.ac.za)

OF

Studente kan aanlyn aansoek doen by die Universiteit Stellenbosch se Nagraadse webtuiste by: <http://www.sun.ac.za/pgstudies/> (kies **Telematiese Programme**).

OF

Indien aansoek gedoen word vir die Hons BEd (Opvoedkundige Sielkunde) program, kontak asb. me. E Louwrens by eel@sun.ac.za

Wanneer om aansoek te doen:

Studente kan vanaf **1 Maart** aansoek doen en aansoeke **sluit 30 Oktober** van die voorafgaande jaar.

Neem asb. kennis: Die aansoeke vir Hons BEd (Opvoedkundige Sielkunde) sluit 30 Junie van die voorafgaande jaar, aangesien 'n onderhoud deel uitmaak van die toelatingsvereistes.

Programverwante navrae:

Kan gerig word aan die programkoördineerder van die besondere program (besonderhede word verskaf).

Algemene navrae:

**Melissa van der Vyver
Tel: +27 (0) 21 808 2122
melissadv@sun.ac.za**

BEd Hons (Grondslagfase-onderwys)

Die doel van die program is om studente te bemagtig met vakspesifieke en pedagogiese inhoudskennis wat hulle vermoë sal ontwikkel om op akademiese en professionele gebied as onderrigleiers in Geletterdheidsonderrig en Wiskundeonderwys vir Grondslagfase te kan optree.

Spesifieke toelatingsvereistes vir hierdie program:

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir Hons BEd, sluit bykomende vereistes vir hierdie program 'n fokus op Grondslagfase-onderwys in, nl.:

1. 'n relevante universiteitsgraad en 'n *Grondslagfase-onderwysdiploma* (bv. SOD, HOD, NOS, UOD, LSOD); of
2. 'n relevante universiteitsgraad en *Grondslagfase-onderwyskwalifikasie* wat deur die Senaat as voldoende beskou word vir hierdie doel (bv. POS, POD, HPOD); of
3. 'n erkende vierjaar naskoolse kwalifikasie, insluitend 'n *professionele Grondslagfase-onderwyskwalifikasie*; of

Bykomend tot die algemene vereistes:

4. 'n gemiddelde van minstens 60% vir Literatuuronderrig en Leierskap op Grondslagfase sowel as vir Grondslagfase-wiskunde word vereis.
5. Praktiese onderwyservaring is 'n aanbeveling, maar nie verpligtend nie.

Programstruktuur:

| Verpligte jaarmodules |
|----------------------------------|
| Navorsingsprojek (Grondslagfase) |

| Verpligte eerstesemestermodules |
|--|
| Opvoedkundige Navorsing |
| Navorsingsmetodologie (Grondslagfase-onderwys) |
| Kennis, handeling en wese: raamwerk van die studie van opvoedkunde |
| Geletterdheidsonderwys en Leierskap (Grondslagfase) Module 1 |
| Wiskunde-onderwys (Grondslagfase) Module 1 |

| Verpligte tweedesemestermodules |
|--|
| Geletterdheidsonderwys en Leierskap (Grondslagfase) Module 2 |
| Wiskunde-onderwys (Grondslagfase) Module 2 |

| Keusemodules |
|--|
| Alle modules vir die Hons BEd (Grondslagfase-onderwys) is verpligtend. Daar is <i>geen</i> keusemodules nie. |

Kontakpersoon:
Dr. Helena Wessels
Kontaknommer: +27 (0) 21 808 2286
E-pos adres: hwessels@sun.ac.za

BEd Hons (Onderwysondersteuning)

Die doel van hierdie program is om studente toe te rus met die mees onlangse teoretiese kennis, aannames en strategieë, sowel as navorsingsvaardighede om effektief te kan onderrig, assesseer en ondersteuning te bied aan die toenemend diverse leerder-populasies in skole en ander opvoedkundige instellings in Suid Afrika. Meer spesifiek, beoog dit om betekenisvolle deelname aan alle leerders in inklusiewe opvoedkundige stelsels en gemeenskappe te bied.

Die program beoog om 'n koherente en kritiese verstaan te verseker van die omvang en beginsels van die opvoeding en opvoedkundige ondersteuning vir leerders wat leerhindernisse ervaar. Dit berei studente daarop voor om diverse en unieke leervaardighede en leerhindernisse te identifiseer en dit op sinvolle en voldoende wyse te akkommodeer.

Die Hons BEd (Opvoedkundige Ondersteuning) bied dus 'n kombinasie van teorie en praktiese toepassing. Die huidige modus vir die ondersteuning van die diverse behoeftes van leerders is deur 'n inklusiewe onderwysbenadering. Daarom bied ons nie 'n kursus genaamd 'Remediërende onderwys' aan nie. Die benadering tot leerhindernisse word op nagraadse vlak bestudeer en is dus nie voorskriftelik (resepmatig) nie. Studente word toegerus met teorieë en moontlike strategieë om te assesseer met die oog op leerondersteuning en toepaslik te reageer ten opsigte van die diverse behoeftes van die leerders. Ná voltooiing van die kursus sal studente in staat wees om leerders te ondersteun vanuit 'n kollaboratiewe benadering. Die Hons BEd is 'n voorvereiste vir die graad MEd (Opvoedkundige Ondersteuning).

Spesifieke toelatingsvereistes vir hierdie program:

Afgesien van die algemene toelatingsvereistes vir Hons BEd, is daar geen bykomende vereistes vir hierdie program nie.

Programstruktuur:

| |
|---|
| Verpligte jaarmodules |
| Navorsingsprojek (Onderwysondersteuning) |
| Verpligte eerstesemestermodules |
| Opvoedkundige Navorsing |
| Interpretatiewe Navorsing |
| Kennis, handeling en wese: raamwerk van die studie van opvoedkunde |
| Volwasse leer en ondersteuning |
| Leer en Kognisie |
| Verpligte tweedesemestermodules |
| Leeruitdagings |
| Leerondersteuning |
| Keusemodules |
| Alle modules vir die Hons BEd (Onderwysondersteuning) is verpligtend. Daar is <i>geen</i> keusemodules nie. |

Kontakpersoon:

Dr. LM Dreyer

Kontaknommer: +27 (0) 21 808 3502

E-pos adres: lornadreyer@sun.ac.za

Hons BEd (Onderwysontwikkeling en Demokrasie)

Die doel van die honneursgraad in onderwysontwikkeling en demokrasie is om voorgraadse kennis te verryk en te verdiep deur die ontwikkeling van navorsingskapasiteit.

Na voltooiing van hierdie kwalifikasie sal studente in staat wees om konseptuele skakels tussen die teoretiese perspektiewe van die modules en die professionele omgewing te bepaal en te verduidelik. Hierdie studente sal 'n kritiese begrip van die huidige beleidskonteks en die betekenisdraers van verandering hê, en 'n konseptuele begrip van die verskillende dissipline-gebaseerde perspektiewe van die program.

Spesifieke toelatingsvereistes vir hierdie program:

Afgesien van die algemene toelatingsvereistes vir Hons BEd, is daar geen bykomende vereistes vir hierdie program nie.

Programstruktuur:

| |
|--|
| Verpligte jaarmodules |
| Navorsingsprojek (Onderwysontwikkeling en Demokrasie) |
| Verpligte eerstesemestermodules |
| Opvoedkundige navorsing |
| Inleiding tot kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodologie in Opvoedingsbeleidstudies |
| Kennis, handeling en wese: raamwerk van die studie van opvoedkunde |
| Onderwys in demokrasie |
| Verpligte tweedesemestermodules |
| Ontwikkeling, organisasies, en onderwysbeleid |
| Onderwysleierskap en -bestuur |
| Onderwys en samelewing |
| Keusemodules |
| Alle modules vir die Hons BEd (Onderwysontwikkeling en Demokrasie) is verpligtend. Daar is <i>geen</i> keusemodules nie. |

Kontakpersoon:

Prof. B van Wyk

Kontaknommer: +27 (0) 21 808 2419 / 2296

E-pos adres: bwyk@sun.ac.za

Die doel van die honneursgraad in taalonderrig is om voorgraadse opleiding te verryk en te verdiep deur die ontwikkeling van navorsingsgegronde taalonderwyspraktyk. Die honneursgraad beklemtoon die teoretiese en navorsingsbasis van taalonderwys. Daarbenewens sluit die program 'n fokus op veeltalige onderwys, kreatiewe skryfwerk en leksikografie in. Die klem op teoretiese en navorsingsperspektiewe onderskei dit van 'n nagraadse diploma in taalonderrig.

Spesifieke toelatingsvereistes vir hierdie program:

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir Hons BEd, word daar vereis dat studente wat toelating tot die spesialisering in Taalonderwys wil verkry, 'n hoë vlak van prestasie (60% +) in die taalmodules van hul voorgraadse studies behaal het.

Programstruktuur:

| |
|---|
| Verpligte jaarmodules |
| Navorsingsprojek (Taalonderwys) |
| Verpligte eerstesemestermodules |
| Opvoedkundige Navorsing |
| Taalonderrignavorsing |
| Kennis, handeling en wese: raamwerk van die studie van opvoedkunde |
| <u>Keusemodules</u> |
| Studente moet enige <u>vier keusemodules</u> uit die volgende voltooi: |
| Keusemodules aangebied in die eerste semester: |
| Afrikaans Kurrikulumstudie |
| English Kurrikulumstudie |
| isiXhosa Kurrikulumstudie |
| Taalbeleid en meertalige onderwys |
| Keusemodules aangebied in die tweede semester: |
| Geletterdheidsonderwys en leierskap (Grondslagfase) |
| Pedagogiese leksikografie |
| Spesialisering in taal en geletterdheid |
| Onderrig van kreatiewe skryfkunde |

Kontakpersoon:

Prof. C van der Walt

Kontaknommer: +27 (0) 21 808 2284

E-pos adres: cvdwalt@sun.ac.za

☛ BEd Hons (Opvoedkundige Sielkunde)

Neem asb. kennis dat hierdie program 'n bykomende akkreditasie-proses moet ondergaan by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (HPCSA). Aangesien hierdie akkreditasie nog hangende is, gaan hierdie program moontlik nie in 2017 geïmplementeer word nie.

Hierdie program het ten doel om opvoedkundige-sielkundige beraders wat voldoen aan die akademiese en praktiese vereistes van die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (HPCSA) in die registrasiekategorie van generiese Geregistreerde Berader binne 'n skoolkonteks op te lei. Die program-modules dek die verskillende rolle en funksies wat 'n berader binne 'n skool en die gemeenskap moet kan vervul.

Die kwalifiserende praktisyn sal geregistreer word by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika tot sielkundige dienste wat gerig is op die voorkoming en lewering van primêre intervensie vir sielkundige probleme in 'n diverse gemeenskapkonteks sowel as die bevordering van psigososiale gesondheid, binne die bestek van die praktyk vir Geregistreerde Beraders soos gedefinieer in die Wet op Gesondheidsberoepes, 1974 (Wet 56 van 1974) en latere wysigings.

Die doel van hierdie program is om ook te verseker dat studente 'n hoë vlak van teoretiese kennis sowel as praktiese vaardighede en ondervinding op die gebied van Opvoedkundige Sielkunde opdoen, via gepaste assimilasië en ontleding van nuwe inligting, die vermoë om werkbare en etiese oplossings te vind vir probleme en uitdagings, sowel as praktiese toepassing van kennis. Hierdie studente sal dan ook in staat wees om by te dra tot die poel van akademiese en kritiese intellektuele vermoëns om vooruitgang te verseker op die gebied van Opvoedkundige Sielkunde en om voorsiening te maak vir die behoeftes van die land se geskoolde werksmag.

Spesifieke toelatingsvereistes vir hierdie program:

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir Hons BEd, sluit bykomende vereistes vir hierdie program die volgende in:

1. Sielkunde I, II en III as deel van 'n B-graad, soos geakkrediteer deur die Beroepsraad vir Sielkunde, word vereis vir toelating tot die spesialisingsgebied.
2. 'n Keuringsprosedure word voor toelating gevolg. 'n Gemiddelde van minstens 60% word vir die student se graad en onderwyskwalifikasie vereis en 'n gemiddelde van minstens 60% word vir die Sielkunde-modules op derdejaarsvlak vereis.
3. 'n *Maksimum van 20 studente* word jaarliks tot hierdie program toegelaat.
4. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **30 Junie** van die voorafgaande jaar.

Programstruktuur:

| Verpligte jaarmodules |
|--|
| Navorsingsopdrag (Opvoedkundige Sielkunde) |
| Berading |
| Beradingspraktyk |

| Verpligte eerste semester modules |
|--|
| Opvoedkundige navorsing |
| Interpretatiewe Navorsing |
| Opvoedkundige-sielkundige Assessering |

Geestesgesondheid

Verpligte tweede semester modules

Leerondersteuning

Keusemodules

Alle modules vir die Hons BEd (Opvoedkundige Sielkunde) is verpligtend. Daar is *geen* keusemodules nie.

Neem asb. kennis:

Hoewel 'n gemengde leermodel gebruik gaan word vir sekere modules in hierdie program, sluit die Beradingspraktyk-module 'n ses maande lange prakties in, wat impliseer dat studente voltyds op kampus beskikbaar moet wees.

Kontakpersoon:

Koördineerder: Prof RL Carolissen (*met studieverlof tot 1 Julie 2016*)

Kontaknommer: +27 (0) 21 808 2738

E-pos adres: rlc2@sun.ac.za

Vir navrae vanaf Maart tot einde Junie 2016, kontak asb.:

Mev C Feenstra

Kontaknommer: +27 (0) 21 808 2319

E-pos adres: carlaf@sun.ac.za